higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KONSTRUKSIETOESIGHOUDING
NKR VLAK 4

20 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 K
1.1.2 E
1.1.3 H
1.1.4 L
1.1.5 A
1.1.6 J
1.1.7 B
1.1.8 C
1.1.9 G
1.1.10 D

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1 In hierdie stadium word gestelde doelwitte in spesifieke planne omgesit word, en die prosedures wat die span moet navolg, word uitgespel.

1.2.2 In hierdie stadium word daar met werkers gekommunikeer en word hulle gemotiveer om die take uit te voer wat nodig is om organisatoriese doelwitte en doelstellings te bereik.

1.2.3 In hierdie stadium word gereedskap en toerusting toegeken, en werkskedules en take wat werkers moet uitvoer, gedoen.

1.2.4 In hierdie stadium word werkers wat vaardighede kortkom plaaslik deur eksterne diensverskaffers afgerig en opgelei en die toesighouer moet toesien dat dit na verwagting uitgevoer word.

1.2.5 Sodra planne uitgevoer word, moet toesighouers die proses vir prestasie monitor en indien nodig, word regstelaksie geneem. Toesighouers moet kontrole uitvoer om te verseker dat die plan korrek geïmplementeer word.

(5 × 1) (5)

1.3
- Om kort- en langtermyndoelwitte daar te stel
- Om afval te verminder
- Om die standaarde te stel om beheer uit te oefen
- Om hulpbronne te identifiseer en toe te wys ten einde doelwitte te bereik
- Om te besluit watter take gedoen moet word om die doelwitte te bereik
- Om enige potensiële risiko's deur gebeurlikheidsbeplanning te verminder

(Enige 3 × 1) (3)

1.4
- Help met die skoonmaak van die terrein indien nodig
- Storting van rommel in vragmotors
- Laai materiaal van voertuie af
- Pak materiaal wat ontvang is in die stoorkamer
- Vee en maak die gebou skoon voordat dit betrek word (Enige 2 × 1) (2)

[20]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Gehalte
2.1.2 Gehalteversekering
2.1.3 Inspeksie
2.1.4 Nasionale Beroepsveiligheidsvereniging (NOSA)
(4 × 1) (4)

2.2 2.2.1
- Bestuur van die plaaslike kantoor
- Monitering van gehaltebeheeraktiwiteite
- Toesig oor die vordering van die proses en tydige voltooiing
- Bestuur van projekfondse
- Goedkeuring van betaling aan kontrakteurs
- Koördineer kommunikasie tussen partye (Enige 3 × 1)

2.2.2
- Verseker dat werk volgens klant se standaarde verrig word
- Verseker gebruik van korrekte materiaal en vakmanskap
- Doen inspeksie van 'n groot verskeidenheid tegniese aspekte
- Kontroleer dat die konstruksie aan wetgewing voldoen
- Hou rekord van die verskillende aspekte van die werk
- Monitor voldoening aan kontrakdokumente (Enige 3 × 1)

(2 × 3) (6)
[10]

VRAAG 3

3.1
- Gebrek aan toesighouding
- Gebruik van ongeskoolde arbeid
- Gebrek aan duidelike kommunikasie
- Swak koördinering
- Verkeerde konstruksiemetode word gekies
- Tekort aan toerusting
- Veranderinge deur die eienaar
- Swak werkstoestande
- Gebrek aan begrip vir tekeninge
- Verkeerde materiaal gebruik
- Swak beplanning
- Onvoorsiene toestande op die terrein (Enige 6 × 1) (6)

3.2
- Ongeventileerde of swak geventileerde vertrekke
- Tonnels/skagte
- Ingeslote dreine
- Putte
- Opgaartenks
- Toegangskagte
- Rioolpype
- Tenks
- Duikslote (Enige 4 × 1) (4)

[10]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Alle besluitnemingsprosesse word deur die leier hanteer✓ en hy/sy aanvaar of oorweeg nie enige inisiatief van ondergeskiktes nie✓

4.1.2 Moedig besluitnemings deur die groep aan✓ en laat toe dat groeplede idees deel✓

4.1.3 Bied die maksimum vryheid aan ondergeskiktes✓ en die leier lei nie, maar laat die groep aan sy eie lot oor✓

(3 × 2) (6)

4.2
- Help om die organisasie produktief te maak deur te verseker dat die bedryf glad verloop
- Verseker dat die werk volgens die vasgestelde standaarde gedoen word
- Vermy onnodige foute of ongelukke / Waarborg veiligheid op die terrein
- Verseker dat nuwe personeellede in staat is om hul werk doeltreffend te doen
- Bevorder spangees
- Optimeer die gebruik van hulpbronne
- Motiveer werknemers
- Verseker voldoening aan regulasies (Enige 5 × 1) (5)

4.3

MZANZI Konstruksie (Edms.) Bpk.✓
JUKULYNRYLAAN 2020
WES-PARK
0129

Aan: Alle konstruksiewerkers van die **Masakhane Behuisingsprojek**✓

KENNISGEWING VAN 'N MAANDELIKSE GESONDHEIDS-EN-VEILIGHEIDSVERGADERING✓

'n Gesondheids-en-veiligheidsvergadering sal op Maandag 20 Mei 2020✓ om 09:00 langs die hoofkantoor gehou word.✓

AGENDA✓
1. Teenwoordigheidsregister
2. Verskonings
3. Notule van die vorige vergadering
4. Korrespondensie
5. Algemene sake
6. Gesondheids-en-veiligheidsinspeksie deur die Departement van Arbeid✓
7. Versiening van brandblussers
8. EAS

Me. H.T. Kruger✓
Sekretaresse✓ (9)

[20]

VRAAG 5

5.1
- Werknemers het die reg om 'n klagte oor werkstoestande by 'n vakbondverteenwoordiger te lê.
- Werknemers het die reg om werkstoestande met medewerknemers te bespreek.
- Werknemers het die reg om te weier om aan instruksies wat in stryd is met die Wet, te voldoen.
- Werknemers het die reg om te weier om aan enige bepaling of voorwaarde van indiensneming wat in stryd is met die Wet, te voldoen.
- Werknemers het die reg om enige rekords wat volgens hierdie Wet met die indiensneming van daardie werknemer gehou word, te ondersoek.
- Werknemers het die reg om aan verrigtinge ooreenkomstig hierdie Wet deel te neem.
- Werknemers het die reg om oor hul regte ingelig te word. (Enige 5 × 1) (5)

5.2 Onbillike arbeidspraktyk beteken enige onbillike optrede of nalatigheid wat tussen die werkgewer en die werknemer✓ oor werkverwante sake tydens die tydperk van indiensneming ontstaan.✓
Voorbeeld: Om 'n werknemer te dwing om enige taak uit te voer wat nie in die posbeskrywing voorkom. nie✓

OF

Weiering om 'n werknemer weens sy/haar etniese of sosiale oorsprong te bevorder.✓ (2 + 1) (3)

5.3
- Wanneer die kriteria vir meriete en bonusse gefinaliseer word
- Tydens herstrukturering en opstel van nuwe werksmetodes
- Tydens samesmeltings en oordrag van eienaarskap
- Wanneer ontwikkel- en opleidingsmetodes gefinaliseer word
- Tydens besprekings oor gesondheid en veiligheid
- Tydens gedeeltelike of algehele sluiting van 'n aanleg
- Tydens bespreking van planne vir produkontwikkeling
- Tydens posgradering (Enige 7 × 1) (7)

[15]

VRAAG 6

6.1
- Verseker die werkers se veiligheid
- Bereik die onderneming se doelwitte
- Handhaaf moraal
- Ontwikkel menskapitaal
- Verseker werkgehalte (Enige 3 × 1) (3)

6.2 6.2.1 Stellings✓ wat sonder bewyse gemaak word✓

6.2.2 Intimidasie✓ of vrees as gevolg van dreigemente✓

(2 × 2) (4)

6.3
- Kulturele verskille
- Verskillende waardes en gesindhede
- Persoonlikheidsbotsings
- Verskillende vlakke van opvoeding, vaardighede en kennis
- Verskillende werkstandaarde
- Verskillende vlakke van status en bevoegdheid in die organisasie
- 'n Gebrek aan vertroue
- Verstaan nie medewerknemers se posvereistes nie
- Swak kommunikasie
- Weerstand teen verandering
- Werklas en spanning (Enige 5 × 1) (5)

6.4
- Dit beïnvloed spanwerk negatief
- Die projek mag nie betyds voltooi word nie
- Dit verminder omset en wins
- Dit het lae personeelmoraal tot gevolg
- Dit verhoog afwesigheid
- Dit het 'n ongelukkige werkplek tot gevolg
- Verminder fokus en konsentrasie (Enige 3 × 1) (3)

[15]

VRAAG 7

7.1
7.1.1 Onwaar
7.1.2 Onwaar
7.1.3 Onwaar
7.1.4 Onwaar
7.1.5 Onwaar
7.1.6 Onwaar

(6 × 1) (6)

7.2
- Bywoning van arbeiders
- Daaglikse weersomstandighede
- Vertragings en redes vir vertragings
- Informele vergaderings
- Onklaarraking van toerusting op die terrein
- Belangrike funksies
- Telefoongesprekke
- Klante se kontakbesonderhede
- Besoekers wat die terrein besoek
- Insidente en ongelukke
- Aflewerings (Enige 4 × 1) (4)

[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou